AFSKRIF/BK.

Avenida R. Saenz Pena No.628
Piso 3,
Departemento D
BUENOS AIRES,
28th January, 1937.

Die Weled. Heer
Dr. H.D.J. Bodenstein,
Sekretaris vir Buitelandse Sake,
Kantoor van die Eerste Minister,
KAAPSTAD.

Weledele Heer,

Laaste week is 'n neef van my, Ds. Dirk Postma, hiervandaan teruggegaan na Suid-Afrika nadat hy ondersoek ingestel het aangaande die toestand van die Afrikaanse boere kolonie in Comodora, Chubut. Ek het nie veel kans gehad om met hom oor die saak te gesels nie maar hy het belowe dat ek sy rapport kon lees wat hy nagelaat het by Ds. C. Sonneveldt van die Hollandse Gereformeerde Gemeente te Buenos Aires. Ek het nou geleentheid gehad om dit deur te lees en dit is voorlopig vir die Kerkraad van Chubut om dit na te sien.

Ek meen nie om aan te neem dat ek die reg het om my opinie ongevraag uit te spreek nie en 'n brief aan u te skrywe daaroor nie, maar ek neem die vrymoedigheid om hierdie brief aan u te pos alleen uit belangstelling en liefde vir Suid-Afrika en haar belange.

Ek het ook in aanraking gekom met verskillende van die boere en lang gesprekke met hulle gehad omtrent hulle toestand in Chubut.

Daarby het ek ook die geleentheid gehad om die saak te bespreek met Ds. Klopper van die Suid-Afrikaanse Nederduitse Ger. Kerk wat gedurende die winter maande 'n soortlike besoek argelê het soos Ds. Postma.

Ek is ook goed bevrind met Ds. Sonneveldt wie al 25 jaar hier arbeid en gesels dikwels met hom oor die saak. Hy het voortreflike werk hier gedoen gedurende die baie jare en is onlangs vereer tot die Ridderlike Orde deur die Koningin van Holland. Hy kan nog die beste opinie uitspreek oor die saak. As u my dit nie sal kwalik neem nie dan gee ek met alle beleefdheid my eerlike en reine opinie; dit is uit kristelike gevoel nie alleen bedoel vir Suid-Afrika nie maar ook vir ons broers en susters in hierdie land.

As ek Ds. Postma se voorlopige rapport (wat grotendeels vir kerklike doeleindes is) goed verstaan, loop die saak daarop dat daar noodsaaklikheid bestaan vir verligting op die kolonie in die volgende tekortkominge:-

(a) Op Geestelike Gebied (gebrek aan voldoene bediening deur gebrek aan Dii);
(b) Op onderwys gebied (gebrek aan skole en onderwysers);
(c) Op Politiek gebied (geen representasie in Parlement);
(d) Onsimpatieke behandeling deur Regering hier;
(e) Toekoms van die kinders.

Die rapport word natuurlik later oorhandig aan die Sinode van ons Kerk in Suid-Afrika en heel moontlik word ons Regering dan genader. Goed moet verstaan word dat Ds. Postma se rapport geraam was as gevolg van informasie en besware wat aan hom gemaak was en wat hy ook met blote oog kon sien.

Hy meld dan ook dat hy onofisieel verstaan dat daar

'n plan bestaan om hier 'n KonsulGeneraal vir Suid-Afrika aan te stel.

Ek sal met die laaste sin begin:

Ek glo nie dat 'n verteenwoordiger van ons land hom hier kan bemoei met wettige genaturaliseerde onderdane van die Republiek van Argentina nie. Maar sy aanstelling sal heelwat daaraan doen om op simpatieke wyse die betrokke Ministers hier te nader met die oog op geldelike voorsiening te maak vir die behoeftes van die kolonie op onderwys gebied en selfs dit moontlik te maak om meer skole en onderwysers aan te skaf, deur op 'n mooi manier daarop aan te dring. Sulke skole is natuurlik rooms en in die Spaanse taal. Dan vind ek uit dat die Konsul van Groot Britanje hier gemagtig is om 'Anglo Argentines' te geregistreer as onderdane van Britse afkoms. Hulle geniet sekere regte wat paspoort, skole en hospitale betref en word ook beskerm deur die 'British Socciety of the Argentine Republic'. Ek weet dit vir 'n sekerheid dat die boere in Chubut ook geregtig is op die voorregte en dra sulke registrasie kaarte in die sak. Ek mag verkeer d wees, maar ek dink stellig dat volgens wet hulle liewer onder die beskerming van Groot Britanje sou val as onder die van die Unie van Suid-Afrika? Hulle is ook al oor die 30 jaar hier en sedert die tyd het ons land konstitusioneel grootliks verander.

<u>Punt (a): Geestelike Gebied:</u>

Die twee Afrikaanse kerke behoort gesamentlik 'n predikant hierheen te stuur om op die kolonie te arbeid. Met een predikant is daar dan weer die moeilikheid met verskil van kerkleer en dan kom die vraag op of die kolonie twee predikante veroorloof. Ek dink wel so. Volgens my opinie is daar net een oplossing. Ons Afrikaanse kerke, uit die sendings of spesiale fondse, moet voorsiening maak vir die behoudenis van die Afrikanders hier.

Jong predikante kan gestuur word, wat na 5 jaar diens afgelos kan word deur ander jongere in Suid-Afrika. Die verandering sal seker vir die Dii ook self goeie ondervinding wees. Die kolonie kan sorg vir pastorie en reiskoste in die land om die gemeentes te gaan besoek. Die "Moeder" kerke kan traktement betaal wat sowat £210 per jaar beloop.

<u>Punt (b): Onderwys gebied:</u>

Uit die oog moet nie verloor word die feit dat hier wel skole is en die is vry, hulle doseer natuurlik alleen in die Spaanse taal en die onderigting is rooms. Sodat 'Uitlanders' of Protestante in die algemeen volgens hulle denominasies wil onderrig word hulle dit mag doen deur privaat en selfopgerigte skole. Selfs die Universiteit is hier vry. Ek sou voorstel dat as ons Regering geneë is om hulle met die saak te bemoei, hulle geldlike ondersteuning kon verskaf op die £ vir £ stelsel met ons kerke om die onderwys van die kolonie te bevorder deur twee of drie onderwysers (tweetalig Afrikaans en Engels, twee here, een dame) hierheen te stuur en verantwoordelik te wees vir hulle salaris en die nodige boeke vir die behoeftiges. Daar is wat goed aangaan en heelwat besit.

<u>As bowegemelde kon gedoen word is ek oortuig daarvan dat 80% van die moeilikhede opgelos kon word</u> .....

<u>Punt (c): Politiek Gebied (verteenwoordiging):</u>

Volgens die konstitusie van die Republiek het net die federale provinsies verteenwoordigers in die Senaat. <u>Tien</u> territoriale gebiede, waarvan Chubut <u>een</u> is, het nie verteenwoordigers nie omdat hulle te dun bevolk is en dus nie die aantal

stemgeregtigdes of kiesers het om 'n lid in die Senaat te kry nie. Die gebiede word regeer deur 'n Goewerneur en al die wette wat van toepassing vir die provinsies is geld ook vir die gebiede. Hulle geniet al die beskerming van die land en kan sake van eie belang voordra deur die Goewerneur, en dit gebeur selde of nooit.

Punt (d): Onsimpatieke behandeling deur die Regering:

Hieroor kan ek 'n boek skryf maar ek wil u Edele se tyd nie verder in beslag neem nie;ek wil u alleen 'n kort oorsig gee van wat plaasgevind het en wat nie weerspreek kan word nie en u kan gerus voel dat die Regering wel simpatiek was en vandag nog hulle sake goed bestee.

Van die staanspoor het die Regering (wat ons boere met ope arms ontvang het, verniet logeer en vervoer het na hulle bestemming) belang verloor omdat die boere goeie grond aangebied was maar deur 'n geknoei onder hulle voormanne, (waarvoor bewys staan dat daar persoonlike belange was en omkopery) hulle die grond verruil het vir Chubut in die suide waar hulle nou is. Nouliks het hulle hulle gronde ontvang of hulle begin daarmee spekuleer.

Die Regering was natuurlik vererg daardeur omdat die grond nie vir daardie doeleindes uitgegee was nie. Dit is 'n deel van Patagonie wat uitsteeklik goed is vir wolskape. Die koue verhinder dat daar alle soorte peste en siektes onder die skape kom. Koloniste vanEngeland en Wallis doen ook goed wat aan hulle grens en selfs meer suid is.

Die Afrikanders het maar 'n swak impressie in die land gemaak en ek het onweerspreeklike getuie dat die meeste van die middeljariges en jongeres hulle totaal aan die drank oorgegee het, en dit in 'n land waar dronkenskap feitlik onbekend is. Hulle hededaagse sedes en gewoontes sal moreel en andersins nie 'n goeie uitwerking het in ons land nie as daar ooit 'n herplanting moet wees. Hulle sal taamlik ontaard voel as hulle vandag skielik hulle oë in Suid-Afrika moet oopmaak nadat hulle vir 30 jaar die barbaarsheid van Comodora gewoon geraak het, want daar woon die slegste klas van Argentyner. Daar is natuurlik ook baie goeie uitsonderinge. Die koloniste kla ook dat jare verby gaan om hulle afgestorwe boedels te vereffen of om transport van hulle grond te kry. In die saak het ek, as prokureur, self ondersoek ingestel. Daar is baie van hulle wat sonder enige moeite of versuim transport ontvang en boedels vereffen maar dan is hulle sake en papiere agtermekaar. Die Spaanse bloed is maar stadig en by hulle is die spreekwoord 'môre is nog 'n dag' tog te toepaslik. Alles is by hulle 'manana' dit beteken môre. Van die naturelle van die land sukkel ook maar self om titels en boedels reg te kry. Maar die fout en vertraging lê nie altyd by die Goewerment nie; baie sloer van self opsetlik die vereffening van boedels want solang die boedel nie vereffen is nie hoef die erfgename nie die boedelskulde te betaal nie en hier is g'n Weesheer om hulle of hulle prokureurs aan te spoor nie. Hier is gevalle waar al die skuldeisers en al die erfgename al gesterf het en nou erwe die Regering. Wat my die meeste tref is die feit dat van ons predikante wat die land in die verlede besoek het en net onder 'n swak klas, meer of min verval het, die hele land verdoem, met mense en Regering. Hulle leen hulle ore uit aan verbitterdes en die boere en laasgenoemdes maak ook fout en die Regering sleg te maak. Gedurige agitasie verbeter die saak nie. Deur die aanhoudende besoeke van die predikante word die gemoedere van tyd tot tyd opgewek tot 'n trekgees onder sommige en hulle beskou vandag nie meer die besoek uit 'n geestelike oogmerk nie maar as 'n hernude poging om hulle te kom 'haal' en dan is alles op hol.

Ek kry dus die indruk dat dieRegering gewis is van die feit dat die koloniste hulp soek buite hulle aangenome land en dat Suid-Afrika tot sekere mate respondeer deurdat hulle so getrou hulle Dii. hierheen stuur. Solang dit aangaan sal hierdie Regering nie 'n steen versit om dinge te verbeter nie vernaam as dit vir hulle blyk dat daar van Suid-Afrika sal uitkoms geskied. Ek het uit baie goeie bron verneem dat hierdie Regering al vir jare nie meer die versekering het nie of die boere na 30 jaar ooit vaste inwoners sal word nie en daarom het hulle belang verloor. Aan my was dit ronduit gesê dat hulle nog die "trekkersgees" het en sal nooit Argentyners bly nie. Staatsgeld kan op baie beter en standvastiger wyse gebruik word as om op hulle te verkwis as hulle tog nie plan het om deel van die land te word nie. Die regering het nie vertroue in hulle nie en ek neem hulle dit nie kwalik nie. (Hier ook goeie uitsonderinge).

Punt (e): Toekoms van die kinders:

Hier voel ek saam met die boere. Tensy hulle nie met die naturelle trou nie is daar haas geen kans vir die jong seuns en dogters om getroud te raak nie tensy hulle onder mekaar trou en dit is tog seker nie wenslik. Om hier 'n oplossing te soek bots my voorstel direk met die van die Dii. van die Neder. Ger. Kerk om die boere terug te stuur. Inteendeel is die uitkoms om liewer te probeer om jong seuns en dogters op die Neersettings in Suid-afrika hierheen te stuur om die kolonie te versterk, soos gedoen word uit Duitsland, Holland en selfs Engeland. Die boere is nie te swak om elk nog 'n lid by te neem tot tyd en wyl so'n kêrel kan grond kry nie. Ten slotte is my opsomming: Van die ou mense wat jong hierheen gekom het het die gedagte dat Suid-Afrika tans oorloop van melk en heuning. Daar is 'n paar van hulle wat moeilik 'n bestaan maak en Chubut bied 'n beter kans aan vir hulle as Suid-Afrika. Deur boere kinders wat hier gebore is, is aan my vertel dat ek tog hulle ouers moet afraai om terug te gaan want hulle weet wat hulle hier het maar weet nie wat hulle daar gaan kry nie. Baie van die koloniste het ingetrou onder die Argentyners en het feitlik Argentyners geword en dit sal moeilik gaan om hulle van families af te skeur. Daar is van hulle wat glad nie meer kan Afrikaans praat nie, nog minder Engels; hulle voertaal is Spaans en in die Hollandse kerk word dae afgesonder wanneer die Ds. vir hulle ontwil in die Spaanse taal preek. Wat gaan maak hulle in Suid-Afrika? Hierdie land bied meer vir onontwikkelde mense aan. Die boerdery metodes is in dele heelwat anders as in ons land en dan moet hulle van vooraf begin. Maar dit is nie juis 'n groot beswaar; hulle mag miskien met hierdie metodes weer die Afrikaners iets leer. Hier is nog 'n punt van belang. Die boere was destyds nie tevrede met die Engelse regering nie. Hulle het hierheen gekom om beter te kry, nou is hulle hier ook nie tevrede nie, en ek is daarvan seker dat as hulle vandag na Suid-Afrika gaan sal hulle ook nie met onse Regering tevrede wees nie. Die Afrikaners wat in Suid-Afrika gebly het was seker ook nie tevrede met die verandering nie maar hulle het geduldig gewag totdat daar 'n profeet in die persoon van Generaal Hertzog opgestaan het om hulle te red. Generaal Hertzog het self ook alles opgeoffer en was gesmaad deur sommige van ons eie mense omdat hy ons land, volk en tradisies wou red, en so het sy getroue volgelinge saam gely. Vandag is ons 'n nasie wat gerespekteer word en ons is hereenig. Die broers in Suid-Amerika het weggetrek om die 'ballingskap' van 'n volk in sy eie land te ontduik,en vandag verlang hulle hulp om die vrugte te kom pluk wat Generaal Hertzog en sy volgelinge met trane en bloed gesaai het, en dan sal hulle hom nog gaan kritiseer soos hulle hier maak. Die wat wil terug, nadat hulle hulle besittings hier gelikwideer het, staan natuurlik vry om as immigrante terug te gaan en weer burgers te word mits hulle toe gelaat word deur ons Regering onder die Immigrasie Wette en sy bepalinge.

Ek verstaan dat as gevolg van hulle besoeke hier, stel sommige predikante vóórdat die Nederduitse Kerk van tyd tot tyd 'n paar families moet terug help na Suid-Afrika. Dit is onprakties en gaan sake hier vererger. U kan verstaan dat soiets 'burgeroorlog' hier sal veroorsaak, want wie gaan van tyd tot tyd die 'uitverkorenes' wees? Dit sal ook te lang neem.

As nie één van my voorstelle aanneemlik is vir die Kerk, Staat of die boere hier nie, en hulle wil terug dan blyk dit of, vir die rede wat ek al gemeld het, hulle moet aanklop by die deur van Groot Britanje om hulle gratis te vervoer en by ons Regering om hulle te help onder die Nedersettingwette. Engeland doen dit vandag met haar onderdane in Spanje. Vandag is hier in die nuwe hawe van Buenos Aires twee Engelse slagskepe, die "Ajaz" en die "York" wat op besoek is van die Engelse 'base' by die Falkland Eilande. Hierdie eilande lê byna regoor Comodora en ongeveer 14 dae van Kaapstad. Die onderneming kan beskou word as 'n 'cruise'. Hulle maak jaarliks sulke reise vir oefening van die matrose.

Die regering van Argentinie het nou ook twee oorlogskepe gestuur na Spanje om hulle onderdane terug te voer.

Ek kan goed verstaan dat hulle harte brand om terug te gaan na Suid-Afrika, want daar is net een Suid-Afrika. Ek self sou nie graag my lewe hier wil sluit nie alhoewel ek in een van die mees moderne stede van die wêreld gevestig is.

Ek hoop dus dat as die kerk raporte voor u Edele kom, gedeeltes van hierdie brief ook tot hulp sal wees om die moeilike saak op te los.

Ek het die eer my te noem,

U dienswillige dienaar,

(Get.) Stephan Postma.